ontwikkel het gedurende die tyd wat die Raad die beheer en bestuur in hande gehad het.

Hy het die posisie in oorsig geneem soos dit was twee jaar voor die Raad beheer gevoer het — naamlik, 1926, die posisie in 1929, die eerste jaar se werking onder die Raad en die beraamde syfers vir die jaar 1939. Hierdie besonderhede word nou herhaal daar dit vermoed word dat hul van algemene belang mag wees.

*Die daelikse gemiddelde getal pasiënte in die Hospitaal in:*

| | | |
|---|---|---|
| | 1926 was ... ... | 97.37 |
| | 1929 was ... ... | 107.97 |
| | 1939 was ... ... | 340.0 |
| Beraamde | | |
| | 1940 ... ... ... | 342.0 |

Die syfers vir die vier maande: September 1939 tot Desember 1939 was 371.5.

*Pasiëntdae:*

| | | |
|---|---|---|
| | 1926 ... ... ... | 35,540 |
| | 1929 ... ... ... | 39,409 |
| | 1939 ... ... | 124,200 |
| Beraamde— | | |
| | 1940 ... ... | 125,000 |

*Koste per pasiënt per dag:*

| | | |
|---|---|---|
| | 1926 ... ... ... | 18/- |
| | 1929 ... ... ... | 12/6.69 |
| Beraamde | 1939 ... ... ... | 10/5 |
| Beraamde | 1940 ... ... ... | 11/4 |

Dit moet, egter, daarop gewys word dat in die koste vir 1940 daar ingesluit is 'n bedrag van £9,716, rente en aflosssingskoste op kapitaal-lenings en in die 1939 koste, 'n bedrag van £7,856, terwyl daar geen rente of aflossingskoste in 1926 of 1929 was nie.

Die totale onderhoudskoste in 1926 was £23,585 12s. 8d., in 1929 was dit £29,172. Die hersiende beraamde uitgawe vir 1939 is £66,639 en die beraming vir 1940 is £72,483.

Die uitgawe van die Raad het dus tussen 1929 en 1940 met £43,311 toegeneem.

Die gemiddelde getal verblyfdae per pasiënt in die hospitaal gedurende 1926 was 26.14 en in 1929 — 11.25 soos teen die beraamde syfer vir 1939 — 10 dae.

| | |
|---|---|
| Beraamde fooie ingevorder vir 1939 ... ... | £20,662 |
| soos teen die 1926 syfer van ... ... ... ... | £5,678 |
| Fooie ingevorder in 1929 ... ... ... ... ... | £5,796 |
| Die inkomste van die Raad in 1926 was ... ... | £23,585 |
| In 1929 was die Raad se inkomste ... ... ... | £26,422 |

wat 'n spesiale subsidie van £7,500 in gesluit het. Hierdie spesiale subsidie is in 1932 afgekaf.

Die Raad se beraamde inkomste vir 1939 is £63,763, en vir 1940 £72,483.

## OPERASIES

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Groter | Kleiner | Groter | Kleiner |
| Januarie ... ... | 83 | 118 | 71 | 154 |
| Februarie ... ... | 59 | 100 | 65 | 136 |
| Maart ... ... | 78 | 104 | 93 | 136 |
| April ... ... | 56 | 113 | 63 | 134 |
| Mei... ... ... | 83 | 87 | 68 | 139 |
| Junie ... ... | 66 | 97 | 78 | 125 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Julie | 58 | 104 | 63 | 157 |
| Augustus | 46 | 96 | 79 | 129 |
| September | 82 | 94 | 67 | 120 |
| Oktober | 87 | 121 | 66 | 130 |
| November | 78 | 89 | 88 | 102 |
| Desember | 76 | 90 | 54 | 107 |
| | 852 | 1,213 | 855 | 1,569 |

## BUITE-PASIËNT DEPARTEMENT

| BLANKES | BOKSBURG | | BENONI | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie | 580 | 1,073 | 155 | 190 |
| Februarie | 545 | 1,108 | 129 | 158 |
| Maart | 667 | 1,338 | 241 | 295 |
| April | 503 | 1,003 | 206 | 296 |
| Mei | 496 | 1,155 | 83 | 163 |
| Junie | 624 | 1,438 | 83 | 218 |
| Julie | 483 | 751 | 122 | 243 |
| Augustus | 632 | 1,320 | 182 | 249 |
| September | 674 | 1,348 | 159 | 308 |
| Oktober | 662 | 1,328 | 148 | 272 |
| November | 666 | 1,463 | 138 | 216 |
| Desember | 531 | 1,040 | 120 | 205 |
| | 7,063 | 14,365 | 1,766 | 2,813 |

| NIE-BLANKES | BOKSBURG | | BENONI | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie | 250 | 590 | 949 | 1,874 |
| Februarie | 446 | 1,207 | 928 | 1,196 |
| Maart | 315 | 907 | 1,113 | 1,504 |
| April | 329 | 816 | 977 | 1,347 |
| Mei | 352 | 809 | 797 | 1,524 |
| Junie | 255 | 589 | 738 | 1,606 |
| Julie | 226 | 440 | 992 | 1,626 |
| Augustus | 406 | 751 | 1,265 | 1,895 |
| September | 357 | 694 | 1,526 | 2,039 |
| Oktober | 326 | 690 | 1,444 | 2,014 |
| November | 358 | 614 | 703 | 1,637 |
| Desember | 237 | 660 | 839 | 1,698 |
| | 3,857 | 8,767 | 12,271 | 19,960 |

## OOGAARTS DEPARTEMENT

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie | 59 | 62 | 44 | 48 |
| Februarie | 57 | 78 | 64 | 67 |
| Maart | 86 | 115 | 64 | 85 |
| April | 61 | 76 | 54 | 70 |
| Mei | 23 | 31 | 31 | 41 |
| Junie | 79 | 97 | 46 | 54 |
| Julie | 53 | 92 | 33 | 40 |
| Augustus | 72 | 83 | 34 | 38 |
| September | 75 | 92 | 70 | 113 |
| Oktober | 77 | 89 | 62 | 86 |
| November | 87 | 101 | 65 | 76 |
| Desember | 61 | 67 | 50 | 70 |
| | 790 | 983 | 617 | 788 |

## OOR, NEUS EN KEEL DEPARTEMENT

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie ... ... | 36 | 44 | 44 | 51 |
| Februarie ... ... | 42 | 49 | 57 | 71 |
| Maart ... ... | 49 | 66 | 74 | 91 |
| April ... ... | 48 | 63 | 80 | 83 |
| Mei... ... ... | 29 | 35 | 60 | 70 |
| Junie ... ... | 59 | 85 | 68 | 74 |
| Julie ... ... | 70 | 91 | 48 | 55 |
| Augustus ... ... | 70 | 95 | 55 | 75 |
| September ... | 83 | 110 | 51 | 62 |
| Oktober ... ... | 70 | 88 | 48 | 61 |
| November ... | 73 | 106 | 56 | 82 |
| Desember ... ... | 63 | 90 | 47 | 71 |
| | 692 | 922 | 688 | 846 |

## X-STRAAL DEPARTEMENT

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Groter | Kleiner | Groter | Kleiner |
| Januarie ... ... | 230 | 65 | 169 | 113 |
| Februarie ... ... | 207 | 73 | 141 | 99 |
| Maart ... ... | 225 | 99 | 137 | 120 |
| April ... ... | 199 | 64 | 121 | 95 |
| Mei... ... ... | 218 | 69 | 138 | 114 |
| Junie ... ... | 263 | 58 | 153 | 99 |
| Julie ... ... | 264 | 67 | 143 | 102 |
| Augustus ... ... | 246 | 63 | 177 | 118 |
| September ... | 218 | 72 | 177 | 96 |
| Oktober ... ... | 201 | 83 | 157 | 101 |
| November ... | 233 | 73 | 228 | 53 |
| Desember ... ... | 194 | 88 | 188 | 51 |
| | 2,698 | 874 | 1,929 | 1,161 |

## GENEESKUNDIGE DEPARTEMENT

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie ... ... | 11 | 148 | 12 | 75 |
| Februarie ... ... | 4 | 22 | 13 | 104 |
| Maart ... ... | 4 | 80 | 14 | 115 |
| April ... ... | 9 | 114 | 15 | 147 |
| Mei... ... ... | 7 | 79 | 15 | 79 |
| Junie ... ... | 6 | 22 | 8 | 32 |
| Julie ... ... | 16 | 80 | 12 | 79 |
| Augustus ... ... | 13 | 96 | 5 | 20 |
| September ... | 12 | 53 | 7 | 53 |
| Oktober ... ... | 14 | 114 | 9 | 72 |
| November ... | 14 | 120 | 17 | 102 |
| Desember ... ... | 12 | 118 | 11 | 110 |
| | 122 | 1,046 | 138 | 988 |

## MASSEER EN ELEKTRIESE DEPARTEMENT

| | 1939 | | 1938 | |
|---|---|---|---|---|
| | Pasiënte | Besoeke | Pasiënte | Besoeke |
| Januarie ... ... | 130 | 1,076 | 74 | 545 |
| Februarie ... ... | 139 | 1,401 | 93 | 718 |
| Maart ... ... | 154 | 1,441 | 89 | 554 |
| April ... ... | 104 | 861 | 67 | 473 |
| Mei... ... ... | 110 | 978 | 79 | 531 |
| Junie ... ... | 147 | 1,298 | 82 | 626 |
| Julie ... ... | 138 | 1,116 | 82 | 594 |
| Augustus ... ... | 172 | 1,236 | 75 | 608 |
| September ... | 157 | 1,085 | 76 | 761 |
| Oktober ... ... | 145 | 1,160 | 87 | 811 |
| November ... | 170 | 1,071 | 107 | 921 |
| Desember ... ... | 115 | 931 | 108 | 1,059 |
| | 1,681 | 13,654 | 1,019 | 8,201 |

# ALGEMEEN.

GEBOUE:

Teen die end van verlede jaar, is die nuwe Nie-Blanke Afdeling Gebou geopen. Dit huisves 156 pasiënte en sluit 'n Verloskundige Afdeling in met 'n Operasiesaal en Bevallingskamers. Kort na die afdeling geopen was, is dit ten volle beset, en dit het selde minder dan sy volle getal pasiënte gehad.

BLANKE AFDELING GEBOU UITBREIDINGS:

Twee van die ou Blanke Afdeling Geboue wat baie jare gelede opgerig was, meer in die aard van tydelike geboue dan permanente afdelings, moes afgebreek word om plek te maak vir die fondamente van die nuwe sentrale kombuis en die gebou wat die Buite-pasiënte Afdeling, Administrasie-kantore, X-straal Afdeling, Masseer Afdeling en die Verpleegsters se Onderwysafdeling sal huisves. Terwyl hierdie verslag geskryf word, is die uitgrawings voltooi en die fondamente begin. Dit word vermoed dat die gebou gedurende die jaar 1941 voltooisal word.

Die nuwe Blanke Afdeling Gebou het taamlik snel gevorder tot op 'n stadium toe oorlog uitgebreek het. Dit het vir 'n tyd voorrade van oorsee opgehou sodat vertraging gevolg het. Die afdelings, egter, is tot die stadium gebring waar hulle beset kon word, en alhoewel in 'n onafgewerkte toestand toe daar in hulle ingetrek is, word hulle geleidelik voltooi namate voorrade aankom. Dit word met vertroue verwag dat hulle in die loop van die volgende paar maande voltooi sal word.

VERPLEEGSTERS-TUISTE:

Terwyl hierdie verslag geskryf word, nader die Verpleegsters-tuiste voltooiing. Die meeste van die gebou word al beset en daar bly oor om voltooi te word net die sitkamers van die Susters, Stafverpleegsters en Kwekeling-verpleegsters onderskeidelik sowel as die slaapkamers van die Susters.

Die voltooide Verpleegsters-tuiste sal huisvesting verskaf vir ongeveer 150 Verplegende Staf en is voorsien van alle morderne gerieflikhede

Melding is alreeds gemaak van die meubels wat gekoop geword is vir die Verpleegsters-tuiste en dit word gehoop dat 'n amptelike opening van die gebou in die eerste helfte van 1940 gereël sal kan word.

KOORSHOSPITAAL:

In verlede jaar se Jaarverslag is melding gemaak van die oprigting van 'n Koorshospitaal in die gronde van hierdie inrigting onder die jurisdiksie van die Boksburg-Benoni Hospitaal Bestuurraad.

Toe die planne van die Koorshospitaal eindelik voltooi was, is dit gevind dat die terrein waarop dit oorspronklik die plan was om die gebou op te rig, te klein was en aansoek is gedoen aan die Boksburg Stadsraad vir die skenking van 'n stuk grond wat lê aan die grens van die terrein van die algemene hospitaal. Die Stadsraad het grootmoediglik hierdie skenking aan die Raad toegestaan en dus die laaste hinderpaal tot die oprigting van die Koorsafdeling Gebou, verwyder. Dit is oorspronklik geskat dat die gebou £20,000 sou kos, maar weens sekere veranderings en byvoegvings, was die uiteindelike prys goedgekeur deur die Unie Departement van Volksgesondheid £28,947. Tenders is voor gevra en die gebou begin in November 1939. Terwyl hierdie verslag geskryf word, is die geboue al ver gevorder en dit word gehoop dat dit gedurende 1940 beset sal word. Wanneer dit voltooid is, sal dit huisvesting verskaf vir 20 Blanke en 20 Nie-Blanke pasiënte wat isolasie benodig.

UITRUSTING:

Gedurende die jaar is magtiging voor gevra en verkry om 'n lening op te neem vir die aankoop van werktuie en uitrusting vir die nuwe afdelings en departemente en vir meubels vir die Verpleegsters-tuiste.

'n Bestelling vir 'n nuwe X-straal installasie is by die British General Electric Company geplaas teen 'n prys van £2,100, en die aankoop van meubels vir die Verpleegsters-tuiste het oor die £4,000 beloop. Die balans word uitgegee aan meubels en uitrusting vir die nuwe afdelings.

VROEDVROU OPLEIDINGSSENTRUM:

In April 1938 het die Raad 'n distrik Vroedvroudiens aanbeveel en terwyl sekere moeilikhede aan die begin ondervind is in verband met organisasie en beheer, is dié uiteindelik te bowe gekom en die diens standvastig gevestig. Die ontwikkeling van hierdie diens het gelei tot die instelling van 'n Vroedvrou Opleidingsskool in Oktober 1939.

Dit word vermoed dat die tyd nie ver af is nie wanneer Mediese studente hier aangeneem sal word om 'n gedeelte van die Verloskundige werk vir die mediese kursus te doen.

RADIOLOË:

Die vermeerdering in die werk in die Radiologiese Departement het aanleiding gegee tot 'n aanhoudende versoek aan die kant van die Ere-Staf en die Plaaslike Dokters vir 'n beter Radiologiese Diens. Die Radioloë, Mnre. Krige, Charlton and Craib, het toegestem om voorsiening te maak vir 'n lid van hulle firma om daagliks op die Hospitaal aanwesig te wees. Hierdie nuwe reëling is taamlik bevredigend gewees en aanleiding gegee tot minder ontevredenheid aan die kant van die plaaslike dokters.

JAARLIKSE BAL:

Die Raad is weer dank verskuldig aan die Organiseerders van die Jaarlikse Bal vir hulle onselfsugtige werk in verband met die organisasie van hierdie funksie wat in Boksburg gehou is en wat daartoe gelei het dat 'n milde bedrag geskenk is aan die fondse van die Inrigting.

RAAD:

Aan die begin van die jaar, was die Raad sonder sy voorsitter, Mnr. Geo. Constable, wat in Engeland om mediese hulp te ontvang vir 'n ernstige kwaal. Mnr. Constable het na die Unie teen die middel van 1939 teruggekeer en het sedertdien heeltemal herstel en dit is baie aangenaam om verslag te kan doen dat sy gesondheid hom weer in staat gestel het om weer sy gewone geesdriftige en aktiewe belang in die sake van die Hospitaal te neem.

Die Boksburg Stadsraad se ywerige en bekwame verteenwoordiger, Dr. J. J. du Pre le Roux, het die diens van die Plaaslike Gesag verlaat om 'n betrekking met die Unie Departement van Volksgesondheid te aanvaar en moes gevolglik sy plek op die Raad bedank. Sy afskeid het die Raad 'n waardevolle lid ontneem.

Dr. C. J. H. Brink wat aangestel is as Mediese Gesondheidsbeampte in die plek van Dr. le Roux het laasgenoemde opgevolg as die verteenwoordiger van die Boksburg Stadsraad op die Raad. Kort na die uitbreek van oorlog, egter, het Dr. Brink Indie-toe vertrek op militêre diens en sy plek is geneem deur Dr. S. Kleinot as waarnemende Mediese Gesondheidsbeampte en as die Stadsraad se verteenwoordiger op die Raad.

Dit is met leedwese dat melding gemaak word van die dood van die oorlede Ds. James M. Louw wat vir baie jare 'n lid was van die Raad van hierdie inrigting. Die oorlede Ds. Louw het verskeie kere die amp beklee van Voorsitter van die Raad, Voorsitter van die Huis-komitee, en Voorsitter van ander staande en spesiale komitees.

DANK AAN ERE-STAF:

Met die groei van die Inrigting, het die eise gestel aan die lede van die Ere-Staf vermeeder en hul hou aan om te vermeerder tog hou hierdie manne aan om hul onbekrompe dienste te gee aan die siek en lydende armes van die Gemeenskap. Die Raad is inderdaad gelukkig om so baie voortreflike dokters op sy staf te hê wat gewillig is om hul tyd en dienste te gee.

STAF:

Suster I. F. G. Gray, Tuiste Suster en Assistent Matrone het op 1 Mei 1939 bedank om 'n betrekking as Matrone op die Witbank Hospitaal te aanvaar. Suster Gray was in die diens van die Raad sedert 5 Mei 1917.

Mej. J. F. Baillie is aangestel as Matrone op 1 Desember 1939. Mej. Baillie is bevorder van die pos van Suster Onderwyseres, 'n betrekking wat sy vir verskeie jare met onderskeiding beklee het.

Alhoewel daar ten gener tyd gedurende die jaar 'n groot tekort aan opgeleide staf was nie, is die posisie nie so goed gewees soos in vorige jare nie. Die tekort aan Staf Verpleegsters wat teenswoordig die grootste moeilikheid is sal, egter, in die nabye toekoms te bowe gekom word wanneer die kandidate wat 'n drie-en-'n half jaar kursus moet voltooi, hul opleiding sal klaarmaak. Onder die reëls van die Suid-Afrikaanse Mediese Raad sal hierdie kandidate bevoegd wees aan die end van hul derde jaar van opleiding, maar moet in hulle opleiding skool as Staf Verpleegsters aanbly vir 'n tydperk van ses maande voor hul hulle sertifikate ontvang.

## *Verslag oor Mediese Werk verrig gedurende 1939.*

---

Die getal toelatings aan die Blanke Mediese kant is gehandhaaf en het die getal vir verlede jaar oortref. Toelatings het 942 beloop, Sterfgevalle het 63 beloop, lewerende 'n persentasie sterftesyfer van 6.8 wat laer is dan in vorige jare.

Aan die Nie-Blanke kant het die getal toelatings afgeneem, hoofsaaklik deur 'n vermindering in die Tifuskoorsgevalle. Toelatings het 923 beloop en sterfgevalle 159. Die persentasie sterftesyfer is laer dan in vorige jare, synde 17.2 in vergelyking met 22.22 in 1938.

Die werk in die mediese afdeling is oor die algemeen bevredigend gewees. Die getal huisdokters is vermeerder van twee tot drie met die gevolg dat vollediger en beter aantekenings geneem is en gevalle deeglike ondersoek is. Die huisdokters het 'n hoë standaard van werk gehandhaaf en het hul dienste getrou uitgevoer.

As gevolg van re-organisasie en uitbreiding wat in baie rigtings plaasgevind het, het ons eindelik 'n afsonderlike afdeling vir Nie-Blanke kinders verkry wat uitsluitelik as 'n kinderafdeling bestier word. Ons het uitsluitelik Nie-Blanke mediese afdelings vir mansmense en vroumense, en afsonderlike afdelings elk vir manlike en vroulike longtering-pasiënte.

Laasgenoemde is 'n gevolg van die besluit om longtering-pasiënte in die hospitaal te behandel met instortings-metodes.

Tenspyte hiervan is toestande in die Nie-Blanke mediese afdelings nie heeltemal bevredigend nie. Hierdie afdelings is partymaal nog te vol en daar is 'n gebrek aan uitrusting en personeel, veral in die kinder - en longteringafdelings.

Dit is opmerklik hoe die tifuskoors-gevalle afgeneem het in die distrik deur hierdie hospitaal bedien.

Ek sou graag weer beroep doen vir die aanstelling van 'n voltydse pataloog tot hierdie hospitaal. Essensiële navorsing in baie toestande wat Naturelle aangaan, bly in gebreke weens hierdie gebrek en word in baie gevalle nie onderneem nie 'n Baie groot getal kliniekgevalle gaan deur hierdie hospitaal wat nie volledig en bevredigend ondersoek kan word nie weens hierdie gebrek.

Uit agting vir die wense van die Voorsitter van die Mediese Komitee word 'n spesiale verslag van Longtering-gevalle voorgelê.

Gedurende die afgelope jaar is dertien Blanke gevalle van Longtering toegelaat van wie vier behandel is met kunsmatige lug in die borskasholte. Twee het eindelik na drie weke verdere behandeling geweier en die hospitaal verlaat. Die orige twee is as buite-pasiënte behandel en het aansienlike verbetering getoon, maar deur ekonomiese omstandighede was hulle nie in staat om gereeld by te woon nie en het eindelik opgehou om by te woon.

Met betrekking tot Nie-Blankes is vier-en-tagtig gevalle toegelaat en vier-en-twintig is behandel met kunsmatige lug in die borkasholte met taamlike resultate.

Die groot meerderheid longteringgevalle onder Nie-Blankes is met toelating te ver gevorder vir enige soort behandeling. Van diegene geskik vir lug in die borskasholte behandeling, loop minstens 50% weg na 'n verblyf van twee of drie maande. Die ekonomiese moeilikhede van die Naturel stel hul nie in staat om saam te werk nie en met die eerste die beste geleentheid loop hul weg of weier verdere behandeling. Ekonomiese hulp van die een of ander soort moet aan hierdie mense en hul families veleen word as hul vir 'n lang tydperk behandel wil word.

Die stigting van 'n Longtering Kliniek en die ondersoek van alle gevalle van longtering deur die plaaslike outoriteite sou aansienlik help om longteringgevalle in 'n vroeë stadium in hande te kry en dus die mediese dokter 'n kans gee om genesing te bewerkstellig.

Die instelling van 'n kaart-indeksstelsel met oor-en-weer verwysings het die statistiek-werk aansienlik verbeter en vergemaklik en het daartoe gelei dat syfers noukeuriger is.

'n Spesiale statistiese verslag is verkrybaar.

E. MELTZER,

*Ere-Heelkundige.*

---

## *Heelkundige Verslag.*

Daar is 'n opmerklike vermeerdering gewees in die getal gevalle in die Hospitaal behandel gedurende 1939.

In 1939 het die Blankes, 1,830 beloop terwyl hulle 1,382 beloop het in 1938.

In 1939 het die Nie-Blankes 1,805 beloop in vergelyking met 1,488 in 1938.

Die stelsel van oor-en-weer-verwysing is 'n groot sukses gewees en het dit betreklik maklik gemaak om hierdie verslag te lewer.

Die werk van die huisdokters is goed gewees en hul kliniek-aantekenings van 'n hoë gehalte. Dit word betreur dat party van die huisdokters nie hul ampstyd voltooi het nie deurdat hul permanente aanstellings elders ontvang het. Deur huisdokters toe te laat om te vertrek voor die voltooiing van hul dienstyd, word die roetine werk in die afdelings ontwrig en dit word gehoop dat 'n derde huisdokter aangestel sal word om die toestand te verlig.

Die nuwe naturelle gebou is inderdaad 'n groot aanwins en die lokalisering van alle naturelle heelkundige gevalle daar het die werk baie bevredigender gemaak. Dit bly dat die naturel geleidelik meer hospitaal-gesind word daar hy hom vir behandeling aanmeld in 'n vroeer stadium van sy siekte sodat daar gevolglik 'n verbetering is in die uitslag van die behandeling en korter verbly in die hospitaal vir die naturel.

F. P. JACOBSZ,

*Ere-Snydokter.*

---

## *Jaarverslag oor die Verloskundige Afdeling.*

Die bemoedigende gedeelte van die verslag vir die afgelope jaar 1939 is 'n aansienlike toename in die getal gevalle behandel in die Verloskundige Afdeling van ons Hospitaal, nie net Blankes, maar ook in die Nie-Blankes afdelings.

Die Blankes het aan pasiënte 220 beloop in vergelyking met 141 in die vorige jaar en Nie-Blankes 372 teen 232.

Die werk van die Afdeling is grootliks verbeter deur die aanstelling van 'n voltydse Verloskindige Beampte en die verkryging van 'n nuwe Nie-Blanke kraamgebou.

## TOELATINGS EN BEVALLINGS.

BLANKES:

| | |
|---|---|
| Totaal Gevalle | 220 |
| Abnormale bevallings | 38 |
| Sterfgevalle van Moeders | 1 |
| Sterfgevalle van Kinders | 3 |
| Stilgeboortes | 5 |

Die sterfgeval van die moeder was die geval van longverstopping op die negende dag.

Die embrionale sterfgevalle was die gevolg van: Waterhoof 1, Voortydige Bevalling — 2 gevalle, Onderstebogeboorte met uitgesakte nawelstring — 2 gevalle, en 'n voltydse tweeling waarvan die dood waarskynlik te wyte was aan druk in utero.

NIE-BLANKE:

| | |
|---|---|
| Totaal gevalle | 372 |
| Abnormale bevallings | 54 |
| Sterfgevalle van Moeders | 9 |
| Sterfgevalle van Kinders | 7 |
| Stilgeboortes | 33 |

Van bogenoemde sal gemerk word dat die sterftesyfer van moeders buitengewoon hoog is; maar die meeste van hierdie vrouens is in 'n sterwende toestand togelaat en baie van hulle van verafgeleë lokasies soos Standerton. Sewe van die gevalle het in die eerste drie maande van die jaar plaasgevind voor ons die dienste van 'n Verloskundige Beampte gehad het.

Die stilgeboortes en sterfgevalle van kinders is in die meeste gevalle veroorsaak deur geskeurde ongebore vrug en lank uitgestelde barensweë.

'n Paar van die embrionale sterfgevalle was die gevolg van voortydige bevalling. Miskien kon party hiervan gered gewees het as ons die fasiliteite gehad het om sulke gevalle te behandel - soos nou beter voorsiening voor gemaak word deur ons nuwe Nie-Blanke Verloskundige Gebou.

## KRAAMVROUEBESMETTING.

As mens die ongunstige omstandighede in ag neem waaronder Staf en Dokters moes werk en ook as besef word hoe verwaarloos die soort gevalle is wat in die hospitaal toegelaat word, is dit nie net bemoedigend nie, maar ook merkwaardig, dat ons sterftesyfer vir hierdie Afdeling uiters gering is; dit beloof minder dan 5½% van die totaal, sterfgevalle ingesluit.

## VOORVROEDVROUKLINIEKE.

Daar is groot vooruitgang gewees in hierdie seksie van ons Afdeling. Ons dryf vyf vroedvroukllinieke weekliks.

Drie klinieke op Benoni — een vir Blankes, een vir Kleurlinge en een vir Nie-Blankes. Nog 'n kliniek op Boksburg Noord, ook een op Witfield en ten laaste een by die Hospitaal.

Altesame word 70-80 gevalle per week gesien en 'n taamlike getal hiervan word hospitaaltoe gestuur vir behandeling as binnepasiënte.

Soos ek in my verslag van verlede jaar gemeld het, sou ons getalle toeneem wanneer ons klinieke in die voorstede gesteg het dit word alreeds merkbaar.

## DISTRIK KRAAMDIENSTE.

Die distrik kraamdienste fungeer nou goed en behandel 'n

groot getal van die distrikte en buitedistrikte van Boksburg en Benoni. In die afgelope jaar het die Distrik Vroedvroue 51 Blanke en 350 Nie-Blanke kraamgevalle behandel. Hierdie werk was geheelenal bevredigend.

LEERLING VROEDVROUE.

Met 'n groot hoeveelheid kliniekwerk geskik vir onderrigdoeleindes tot ons beskikking, is ons in staat gestel om 'n skool vir Leerling Vroedvroue in te stel. Dusver is die onderneming uiters bevredigend gewees. Die leerlinge het volop praktiese werk en is 'n sistematiese reeks lesings gegee. Ons hoop dat ons nog verder aanstaande jaar sal uitbrei.

STUDENTE.

Van die voorafgaande verslag sal gemerk word dat die Verloskundige Afdeling byna eenduisend gevalle per jaar behandel binnepasiënte en distrikgevalle. Hierdie snelle ontwikkeling het alles binne drie jaar geskied. Die getal gevalle tot ons beskikking is al meer dan die vereistes van enige ander Leerling Vroedvroue wat ons mag uitskryf.

Die Hospitaal is deur die Uniwersiteit van die Witwatersrand genader met die doel om 'n sekere getal studente in groepe gedurende die jaar geleentheid te gee om hul verloskundige kursus te voltooi.

Ek reken dat ons dit maklik kan doen tot ons onderlinge voordeel. Ons Leerling Vroedvroue sou die voordeel geniet van die addisonele lesings en onderrigting van 'n Verloskundige Assistent deur die Uniwersiteit aangestel.

ALAN J. S. BOYD,
*Ere-Verloskundige.*

---

## *Verslag van die Ere-Raadplegende Heelkundige.*

As gevolg van boubedrywighede gedurende die jaar is verbeterings aangebring beide in die buite — en binne — pasiënte fasiliteite. Veel meer binne-pasiënte is besoek in samewerking met Dr. Meltzer. Die noodsaaklikheid ontstaan vir doeltreffender patologiese dienste vir beide roetine kliniese ondersoek en vir lykskouingdoeleindes. Dit word gehoop dat dit binnekort ingestel sal word. Die Buite-pasiënte afdeling het nie soveel toegeneem soos gewens kon geword het nie. Dit sal waarskynlik in omvang toeneem wanneer die nuwe geboue voltooi is.

H. L. HEIMANN,
*Ere-Raadplegende Heelkundige.*

---

## *Verslag van die Ere-Neuroloog.*

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die werk in die afdeling verrig aansienlik toegeneem het. Die afdeling is oor die algemeen baie beter georganiseer en die werk grootliks vergemaklik deur 'n permanente staf daaraan verbonde te hê. Dit kan met vertroue gemeld word dat verdere uitbreiding sal plaasvind sodra

die nuwe Buite-pasiënte Afdeling, die fondamente waarvan gegrawe word terwyl hierdie verslag geskryf word, voltooi is. Die werk deur die Huis Dokters verrig, is steeds van 'n egalige hoë gehalte.

C. H. FOUCHÉ,
*Ere-Neuroloog.*

## *Verslag van die Ere-Tandartse.*

Die werk verrig in die Tandheelkundige Afdeling het 'n taamlike toename gedurende die jaar getoon alhoewel ons ons soos in die verlede uitsluitelik tot uittrekking beperk het. Dit word verstaan dat hospitalisering, soos omskryf deur die Provinsiale Administrasie, nie tandheelkundige behandeling vir bewaring insluit nie en dit is vir hierdie rede dat ons werk tot uittrekking beperk is.

Ons hoef geen opmerkings oor die onbevredigendheid hiervan te maak nie daar dit duidelik sal wees dat tandheelkundige behandeling noodsaaklik 'n intrinsieke deel uitmaak van enige deeglik georganiseerde gesondheidsdiens. Dit word gehoop dat die tyd nie ver af is nie wanneer die omskrywing van hospitalisering uitgebrei sal word om tandheelkundige behandeling vir bewaring in te sluit.

B. M. TONKIN en E. P. A. VERCUEIL,
*Ere-Tandartse.*

## *Verslag van die Radioloe.*

1. DIAGNOSE AFDELING:

| | 1939 | 1938 |
|---|---|---|
| Pasiënte ... ... ... ... | 3,558 | 3,090 |
| Skerm-ondersoeke ... ... | 351 | |
| Totale getal films gebruik ... | 7,317 | |

2. GENESENDE AFDELING:

| | | |
|---|---|---|
| Pasiënte ... ... ... ... | 122 | 116 |
| Behandelinge ... ... ... | 1,095 | 876 |

3. RADIUM GEVALLE:

Nege pasiënte het behandeling met radium gedurende die jaar ontvang.

Dit sal gemerk word dat daar weer 'n toename is in die hoeveelheid werk in hierdie afdeling verrig. Daar was 480 meer pasiënte gedurende die jaar in oenskou dan in die vorige jaar . Indie Afdeling het alles vlot gegaan en buiten dat daar nou en dan instortings was in die diagnose apparaat is geen moeilikhede teëgekom nie.

Die Hospitaal is weer verskuldig aan die Algemene Hospitaal, Johannesburg, vir die vry uitleen van radium aan nie-betalende pasiënte.

KRIGE, CHARLTON, CRAIB & OSLER,
*Radioloë.*

## *Verslag van die Ere-Huidsiektekundige.*

As in ag geneem word hoe lank die Huidsiektekundige Kliniek gestig is, is 'n taamlike groot getal pasiënte gedurende die jaar ondersoek.

Ongelukkig het ek nie 'n volledige verslag van die getalle gevalle ondersoek nie. Ek het 'n groot getal pasiënte met alle besoeke ondersoek. Sestig pasiënte of so is in die Buite-pasiënt Afdeling ondersoek en tagtig besoeke of so is aangeteken.

Dit het 'n hele ruk geduur voor pasiënte vir behandeling begin kom het, maar nou dat dit bekend is, gaan alles vlot en pasiënte kom gereeld op.

T. A. DU TOIT,
*Ere-Huidsiektekundige.*

## *Verslag van die Ere-Oorartse.*

Ons het die eer om verslag te doen dat die Oor, Neus en Keel Afdeling van die Boksburg-Benoni Hospitaal bevredigend fungeer het gedurende 1939 en die volgende lys is 'n aanduiding van die gevalle ondersoek en operasies uitgevoer gedurende die jaar.

Ons wil graag daarop wys dat verdowings middels vir operasies aan ore, neus en keel die moelikste verdowingsmiddels is om te gee. Vir hierdie rede het ons versoek dat 'n Boyle se apparaat verskaf moet word aan die operasiesale, maar hierdie versoek is deur die Hospitaal-Owerhede van die hand gewys. Gedurende 1939 het 'n ontploffing plaasgevind in die Oor, Neus en Keel Operasiesaal deur die verouderde verdowingsmiddelapparaat wat in die Boksburg-Benoni Hospitaal gebruik word. Dit was wonderbaarlik dat niemand beseer is nie. Die apparaat wat in die plaas van die ontplofte verskaf is, is onses insiens, onvoldoende en sal wees tot 'n Boyle se apparaat verskaf word.

Gevalle ondersoek en behandel in die Oor, Neus en Keel Afdeling, Boksburg-Benoni Hospitaal:—

1939

KEELGEVALLE:

| | |
|---|---|
| Septiese Mangels — Grootmense ... ... ... | 69 |
| Septiese Mangels — Kinders ... ... ... ... | 110 |
| Gesplete Gehemelte ... ... ... ... ... | 6 |
| Haaslip ... ... ... ... ... ... ... | 3 |
| Vincentse Mangelonsteking ... ... ... ... | 1 |
| Karsinoom van Tong ... ... ... ... ... | 3 |
| ,, ,, Mangel ... ... ... ... ... | 1 |
| Gewasse in Keelholte ... ... ... ... ... | 2 |
| Vuilsiekte in Keelholte ... ... ... ... ... | 6 |
| Keelontsteking ... ... ... ... ... ... | 5 |
| Strottehoofontsteking ... ... ... ... ... | 3 |
| Lugpypontsteking ... ... ... ... ... | 1 |
| Klierontsteking ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Sametrekking van Slukderm ... ... ... ... | 1 |

| | |
|---|---|
| Vreemde Liggaam in Slukderm ... ... ... | 2 |
| Gewasse in strottehoof ... ... ... ... ... | 2 |
| Funksionele Verlies van die Stem ... ... ... | 1 |
| Kikvorsgeswel van die Speekselklier onder die tong | 1 |
| Tande aanwesig by geboorte ... ... ... ... | 1 |
| Steen in onderkaakspeekselklier ... ... ... | 1 |
| Ongeklassifiseerd ... ... ... ... ... | 18 |
| Totaal operasies in 1939 uitgevoer ... ... ... | 223 |

OOR:

| | |
|---|---|
| Kroniese etternede middeloorontsteking ... ... | 28 |
| Buiteoorontsteking ... ... ... ... ... | 17 |
| Akute middeloorontsteking ... ... ... ... | 16 |
| Kroniese verswering van die skedel met sweer ... | 9 |
| Akute verswering van die skedel ... ... ... | 9 |
| Kroniese katarale middeloorontsteking ... ... | 26 |
| Akute ,, ,, ... ... ... | 2 |
| Senudoofheid ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Vreemde Liggame ... ... ... ... ... | 6 |
| Keloïede ... ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Aangebore Sinuse ... ... ... ... ... | 1 |
| Oorwas ... ... ... ... ... ... ... | 6 |
| Ostosklerose ... ... ... ... ... ... | 5 |
| Knaende Sweer ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Bell se Verlamming ... ... ... ... ... | 1 |
| Ongeklassifiseerd ... ... ... ... ... | 2 |

NEUS:

| | |
|---|---|
| Weggekeerde tussenskot ... ... ... ... | 25 |
| Akute Bo-kaak sinusontsteking ... ... ... | 21 |
| Slymvliesontsteking van Voorhoofsinus ... ... | 1 |
| Breuk van Voorhoofsinus ... ... ... ... | 1 |
| Kroniese Voorhoofsinusontsteking ... ... ... | 3 |
| ,, Bokaaksinusontsteking ... ... ... | 6 |
| Lifbeenontsteking met Poliepe ... ... ... | 7 |
| Gebreekte Neus ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Atrofiese neusslymvliesontsteking ... ... ... | 3 |
| Akute ,, ... ... | 2 |
| Neusbloeiing ... ... ... ... ... ... | 5 |
| Allergiese gevalle ... ... ... ... ... | 12 |
| Ongeklassifiseerd ... ... ... ... ... | 8 |

A. CAMPBELL & W. A. KERR,
*Ere-Oorartse.*

## *Verslag van die Ere-Oogartse.*

**PASIËNTE BEHANDEL: 1 Januarie — 31 Desember, 1939**

| *Binnepasiënte* | *Manlik* | *Vroulik* | *Totaal* |
|---|---|---|---|
| Blankes | 25 | 18 | 43 |
| Nie-Blankes | 62 | 16 | 78 |
| | | | 121 |

| *Buitepasiënte* | *Pasiënte* | *Besoeke* |
|---|---|---|
| Blankes | 555 | 646 |
| Nie-Blankes | 275 | 367 |
| | 830 | 1,013 |

| *Operasies:* | |
|---|---|
| Blankes | 32 |
| Nie-Blankes | 35 |
| | 67 |

I. MARAIS en D. HUGO,
*Ere-Oogartse.*

---

## *Verslag van die Ere-Uroloog.*

BLANKES:

*Werksaamheid: Januarie tot Desember,* 1939

| | |
|---|---|
| Totaal getal gevalle ... ... ... ... | 29 |
| Getal sterfgevalle ... ... ... ... | 5 |

| | *Getal* | *Sterfgevalle* |
|---|---|---|
| Ontsteking ... ... ... ... ... | 1 | – |
| Bloedwater van nierkom ... ... | 1 | – |
| Vergrote voorstandersklier ... ... | 10 | 3 |
| Verstopping van die urienleier ... | 6 | 1 |
| Verstopping van die uretra ... ... | 3 | 1 |
| Blaassweer ... ... ... ... | 1 | – |
| Koliek van die urienleier ... ... | 1 | – |
| Karunkel van die uretra ... ... | 1 | – |
| Losnier ... ... ... ... ... | 1 | – |
| Ontsteking om 'n ettergeswel ... | 1 | – |
| Waternier ... ... ... ... | 1 | – |
| Blaaskarsinoom ... ... ... | 2 | – |
| | 29 | 5 |

NIE-BLANKES:

| | |
|---|---|
| Totaal getal gevalle ... ... ... | 7 |
| Getal sterfgevalle ... ... ... | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| Operasie aan niere ... ... ... | 1 | – |
| Verstopping van die uretra ... ... | 3 | – |
| Kroniese ontsteking ... ... ... | 1 | – |
| Vergrote voorstandersklier ... ... | 1 | 1 |
| Ontsteking om 'n ettergeswel ... | 1 | – |
| | 7 | 1 |

## *Verslag van die Ere-Ortopediese Heelkundige.*

OPERASIES:

| | |
|---|---|
| Hantering van horrelvoete — pleister ... ... | 15 |
| ,, ,, kniegewrig ,, ... ... | 2 |
| ,, ,, voorarm ,, ... ... | 1 |
| Pleister aan elmbooggewrig ... ... ... ... | 1 |
| Pleisteromhulsel ... ... ... ... ... | 1 |
| Verwydering van kop van speekbeen ... ... | 1 |
| ,, ,, spykers in kniegewrig ... ... | 1 |
| ,, ,, sekwester (elmboog) ... ... | 1 |
| ,, ,, middel halfmaanvormige kraakbeenskyf ... ... | 10 |
| Uitsnyding van toon ... ... ... ... ... | 1 |
| Verplanting van ellepypsenuwee ... ... ... | 1 |
| Afkrapping van Brodie se ettersweer ... ... | 3 |
| Bestendiging van voet ... ... ... ... | 4 |
| Deursnyding en verlenging van Tendo-Achilles | 1 |
| Oop operasie aan skouer ... ... ... ... | 1 |
| Plaat verwyder van skeenbeen ... ... ... | 1 |
| Verwydering van eelt ... ... ... ... | 2 |
| Afkrapping van sinus ... ... ... ... | 1 |
| Hantering van bene en pleister ... ... ... | 1 |
| ,, van ruggraat ... ... ... ... | 1 |
| Verwydering van vreemde liggaam in enkel ... | 1 |
| Verwydering van speld in dybeen ... ... ... | 1 |
| Uitsnyding van heup ... ... ... ... ... | 1 |
| Deursnyding van tone ... ... ... ... | 1 |
| Insnyding van hand ... ... ... ... ... | 1 |
| Pleister aan elmbooggewrig ... ... ... ... | 1 |
| Opbinding van akroniese sleutelbeengewrig ... | 1 |
| Deurboring van skuitvormige been ... ... ... | 1 |
| | 58 |

GEVALLE TOEGELAAT ONDER MNR. POLONSKY VAN:—

*Boksburg*

| | |
|---|---|
| Ontwrigting van akroniese sleutelbeengewrig ... | 2 |
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 6 |
| Beenontsleking van regtervoet ... ... ... | 1 |
| Hangvoet ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Ontwrigte speekbeen ... ... ... ... | 1 |
| Spykers in kniegewrig ... ... ... ... | 1 |
| Sinoviaalgeswel ... ... ... ... ... | 1 |
| Onverenigde breuk van speekbeen en elmboogbeen | 1 |
| Ontwrigting van dybeen ... ... ... ... | 1 |
| Wederkerende ontwrigting van dybeen ... ... | 1 |
| Vreemde liggaam in enkel ... ... ... ... | 1 |
| Ontwrigting van elmbooggewrig ... ... ... | 1 |
| | 18 |

*Benoni*

| | |
|---|---|
| Verlamming van die elmboogbeen ... ... ... | 1 |
| Gewrigsontseking — heupgewrig ... ... ... | 1 |
| ,, kniegewrig ... ... ... | 1 |
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Septiese hand ... ... ... ... ... ... | 1 |
| | 7 |

*Johannesburg*

| | |
|---|---|
| Onder-korakoiëd ontwrigting ... ... ... | 1 |
| Skeenbeen met plaat ... ... ... ... | 1 |
| Stywe knie ... ... ... ... ... ... | 3 |
| Verskuifde middel haalfmaanvormige kraakbeenskyf | 6 |
| ,, sydelingse ,, ,, | 2 |
| Septiese beenmurgswering ... ... ... ... | 2 |
| Eelt ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Kroniese septiese gewrigsontseking ... ... | 1 |
| Rumatiek van die lendespiere ... ... ... | 1 |
| Oorstrekking van toon ... ... ... ... | 1 |
| Kinderverlamming ... ... ... ... ... | 1 |
| Breuk van ruggraat ... ... ... ... ... | 1 |
| ,, ,, nek en dybeen ... ... ... ... | 2 |
| Pes cavus ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Breuk van skeenbeen en kuitbeen ... ... ... | 1 |
| Styf groottoon ... ... ... ... ... | 1 |
| Brodie se ettergeswel ... ... ... ... ... | 1 |
| | 29 |

*Krugersdorp*

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 4 |
| | 4 |

*Edenvale*

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | 2 |

*Klipstown*

| | |
|---|---|
| Saamgetrekte tendo-achilles ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Springs*

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 3 |
| Brodie se ettergeswel ... ... ... ... ... | 1 |
| Verskeurde kraakbeen ... ... ... ... | 1 |
| | 5 |

*Harrisburg* (*Transvaal*)

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Germiston*

| | |
|---|---|
| Pott se siekte ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Gewrigsontsteking van ruggraat ... ... ... | 1 |
| | 2 |

*Brakpan*

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Pretoria*

| | |
|---|---|
| Gewrigsontsteking van ruggraat ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Ermelo*

| | |
|---|---|
| Mismaaktheid van voet ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Kimberley*

| | |
|---|---|
| Gewrigsontsteking van heupgewrig ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Rossmore*

| | |
|---|---|
| Ontstromende beenmurgverswering van sinus ... | 1 |
| | 1 |

*Petersburg* (*O.F.S.*)

| | |
|---|---|
| Horrelvoete ... ... ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

*Brentwood Park*

| | |
|---|---|
| Gewrigsontsteking van elmbooggewrig ... ... | 1 |
| | 1 |

*Petit*

| | |
|---|---|
| Spastiese toestand van bene ... ... ... ... | 1 |
| | 1 |

# STAF.

Sekretaris-Superintendent — Mnr. J. MYBURGH.

Matrone — Mej. E. M. F. PRITCHARD.

Mej. J. F. BAILLIE.

*Inwonende Mediese Beamptes:*

Dr. J. M. MARQUARD, Dr. D. R. SCORGIE, Dr. H. le ROUX van NIEKERK, Dr. A. J. P. SNYMAN, Dr. H. W. V. FERGUS, Dr. D. A. H. JOHNSON, Dr. E. B. ORPEN, Dr. J. P. LIEBENBERG, Dr. P. C. McNEIL, Dr. K. M. H. DONALD, Dr. G. E. MEARNS.

Masseuse — N. A. STEAD. Asst. Masseuse — M. EMSLIE.

Radiograaf — C. J. REYNOLDS. Asst. Radiograaf — J. TWINCH.

VERPLEGENDE STAF

| | |
|---|---|
| Susters ... ... ... ... ... ... ... | 14 |
| Staf-verpleegsters ... ... ... ... ... | 14 |
| Proef-verpleegsters ... ... ... ... ... | 72 |
| Distrik Vroedvroue (susters) ... ... ... ... | 4 |
| Vroedvroue (leerlinge) ... ... ... ... ... | 6 |

KANTOOR STAF

| | |
|---|---|
| Rekenings Klerk ... ... ... ... ... | 1 |
| Klerke ... ... ... ... ... ... ... | 4 |
| Tiksters ... ... ... ... ... ... ... | 2 |

MANLIKE STAF

| | |
|---|---|
| Kruiers ... ... ... ... ... ... ... | 4 |
| Aptekers ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Winkelier ... ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Ambagsmanne ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Boodskapper ... ... ... ... ... ... | 1 |
| Manlike Verpleegsters ... ... ... ... ... | 2 |
| Manlike Verpleegsters (leerlinge) ... ... ... | 4 |
| Telefoon Bediende ... ... ... ... ... | 1 |

GRONDE

| | |
|---|---|
| Tuinier ... ... ... ... ... ... ... | 1 |

HUISHOUDELIKE STAF

| | |
|---|---|
| Koks ... ... ... ... ... ... ... | 4 |
| Binnemeisies ... ... ... ... ... ... | 11 |
| Wasvrouens ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Naaisters ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| Naaisterbediende ... ... ... ... ... | 1 |
| Bakkery Assistent ... ... ... ... ... | 1 |
| Huishoudster ... ... ... ... ... ... | 1 |

NATURELLE STAF

80

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.